VERITAS TOEKENNINGS - 2009

REëLS EN REGULASIES GEïNKORPOREER

GROOT UITDAGING AAN DIE BEDRYF – SIEN BL 2 VIR MEER INLIGTING

2009 PROGRAM

Inskrywings sluit:	12 Aug 2009
Laat inskrywings sluit:	21 Aug 2009
Afhaal van monsters:	17 Aug – 26 Aug 2009
Beoordeling van wyne:	31 Aug – 4 Sept 2009
Veritas Toekennings Funksie:	10 Okt 2009
Aflewering van DG en G wenwyne	13 en 14 Okt 2009

Wynproeë

- *Kpst – From the Earth*	*16 – 18 Okt 2009*
- *Kpst – Publiek/handel/media*	*21 Okt 2009*
- *Kpst – Deloitte proe:*	*22 Okt 2009*
- *JHB – Deloitte proe:*	*26 Okt 2009*
- *JHB – Publiek/handel/media*	*27 Okt 2009*
- *Durban – Deloitte proe:*	*4 Nov 2009*
- *Durban – Publiek/handel/media*	*5 Nov 2009*
- *Knysna:*	*17 en 18 Nov 2009*
- *PE:*	*19 Nov 2009*

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WYNSKOUVERENIGING (SANW)

ADRES:	**Posbus 1411, SUIDER PAARL 7624**
	Hoofstraat 57, SUIDER PAARL 7646
TELEFOON:	**021 807 3104 / 807 3376 / 807 3291**
FAKSNOMMER:	**021 863 2079**
E-POS:	**patricia@veritas.co.za**
WEBTUISTE:	**www.veritas.co.za**

VERITAS
experience excellence

Viering van 350 jaar

5 Junie 2009

Beste Eienaar, Wynmaker en Bemarker

GROOT UITDAGING AAN DIE BEDRYF

In die 350ste Feesjaar van die Suid Afrikaanse Wynbedryf, het die Bestuur en Raad van Veritas besluit om ’n groot uitdaging aan al die wynprodusente te rig.

Ons wil vanjaar graag ten minste 350 deelnemers by Veritas hê en ook minstens 2 500 wyne ingeskryf kry vir Suid Afrika se oudste en grootste wynkompetisie.

Om dit aanloklik vir almal te maak, sal Veritas ’n terugbbetaling van R100 per wyn wat ingeskryf word maak aan alle deelnemers, indien beide die teikens van 350 deelnemers en 2 500 wyne bereik word.

Ons sien daarna uit om u deel van hierdie grootse poging te maak om 350 jaar te vier.

Vriendelike Groete

Duimpie Bayly	***Bennie Howard***	***Elsabe Ferreira***
VOORSITTER	***SAMEROEPER***	***BESTUURDER***
	BEMARKINGSKOMITEE	

2009 KATALOGUS

A PROSEDURES

1 INSKRYWINGS

1.1 **Amptelike sluitingsdatum:** **Woensdag 12 Augustus 2009 om 16:00.**
Laat inskrywings: **Vrydag 21 Augustus 2009 om 12:00** ***(teen 'n verhoogde fooi en moet op 'n aparte inskrywingsvorm voltooi word).***
Inskrywingsvorms moet volledig ingevul word om foute uit te skakel. Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemers om te verseker dat inskrywingsvorms korrek voltooi is. Foutiewe inskrywings sal gediskwalifiseer word.

1.2 Inskrywingsvorms (vergesel van die betalingsbewys, WSR2A en 4A sertifikate en etikette) moet die Bestuurder, SANW/Veritas, voor genoemde datum en tyd bereik.
- POS: Posbus 1411, Suider Paarl 7646
- PER HAND: Veritas (p/a KWV Hoofkantoor), Hoofstraat 57, Suider Paarl 7646
- EPOS: patricia@veritas.co.za
- FAKS: 021 863 2079 *(slegs in noodgevalle)*

1.3 Die totale hoeveelheid wyn wat ingeskryf word, moet op die sluitingsdatum klaar gebottelleer wees (verwys B 1).

1.4 Slegs gesertifiseerde wyne wat in 187ml, 250ml, 375ml, 500ml, 750ml, 1000ml, 1500ml, 3000ml, 4500ml, 6000ml en 9000ml glasbottels gebotteleer is, mag ingeskryf word.

1.5 Afhaal van wyn, kontrolering en etikettering (verwys B 2.1).

1.6 Dokumente wat aangeheg moet word aan inskrywingsvorm:
- Afskrifte van die WSR2A en WSR4A sertifikate (vasgekram aanmekaar) vir elke wyn wat ingeskryf word
- Die betrokke klasnommer moet op die WSR2A en WSR4A sertifikate aangebring word
- Etikette of afskrifte van etikette van elke wyn wat ingeskryf word

1.7 Oesjare, in die geval van oesjaarwyne, asook die toepaslike chemiese ontledings-besonderhede van die wyn, moet deur deelnemers vir elke inskrywing aangedui word.

1.8 Die SANW Raad behou hom die reg voor om, in die geval van enige twyfel betreffende ontledingsvereistes, addisionele ontledings deur 'n erkende laboratorium te laat doen.

2 INSKRYWINGSFOOIE

2.1 **Inskrywings teen 12 Aug 2009: R650.00 + R91.00 BTW per inskrywing (R741.00)**
Laat inskrywings na 12 Aug 2009 en teen 21 Aug 2009: R850.00 + R119.00 BTW per inskrywing (R969.00)

2.2 Betaling van inskrywingsfooie moet teen bogenoemde datum/s *(verwys Prosedure 2.1)* deur SANW/Veritas ontvang word. Inskrywings waarvan die betaling nie teen hierdie datum ontvang is nie, sal gediskwalifiseer word.

2.3 Inskrywings sal slegs aanvaar word indien die inskrywingsfooi die inskrywingsvorm vergesel OF 'n bewys van bank-inbetaling aangeheg is.

2.4 Geen inskrywingsfooie sal terugbetaal word indien 'n wyn onttrek of gediskwalifiseer word na die datums soos verwys in 2.1 nie.

2.5 Inskrywingsfooie is betaalbaar aan SANW. 'n Belastingfaktuur sal voorsien word.
Bankbesonderhede soos volg:

NAAM:	*SANW*
BANK:	*ABSA SUIDER PAARL*
TAKKODE:	*335010*
REKENING NR	*740144871*

B HOEVEELHEID WYN

1 ’n Minimum van **900 liter** per spesifieke bottelgrootte (verwys A 1.4), van die totale hoeveelheid wyn wat ingeskryf is, moet op die sluitingsdatum waarna onder die prosedures verwys word, klaar gebotteleer, geëtiketteer en finaal deur die Wyn & Spiritusraad gesertifiseer wees en tot die bekendstellingsfunksie in Suid-Afrika beskikbaar wees.

In die geval van die onderstaande klasse is die minimum hoeveelheid benodig die volgende nl:

Edellaatoeswyne (klasse 58 en 59)	***450 liter***
Port met oesjaarsertifisering (klasse 87 en 88)	***450 liter***
Museum klasse (klasse 93 tot 99)	***45 liter***

2 Die volgende hoeveelhede glasbottels per inskrywing word benodig vir die beoordeling:

- *187ml, 250ml, 375 ml of 500 ml* — ***12 bot***
- *750 ml of 1000 ml* — ***6 bot***
- *1500 ml (magnum); 3000 ml (jerobeam); 4500 ml (rehobeam); 6000 ml (metusalem) en 9000 ml (salmanazar)* — ***2 bot***

2.1 Elke klas se monsters (ses bottels) moet afsonderlik per klas in ’n karton verpak word.

2.2 Hierdie wyn sal vanaf 17 Augustus 2009 deur die beamptes van SAWIS by die kelder afgehaal, gekontroleer en geëtiketeer word. Deelnemers kan deur die inspekteurs versoek word om groot volumes monsters self aan SANW te lewer nadat monsters amptelik getrek en gekontroleer is.

2.3 Alle wyn wat ingeskryf word vir Veritas, moet sover moontlik apart geberg wees van ander voorraad.

3 Dubbelgoud en goue toekennings

3.1 Wyne wat dubbelgoud en goue toekennings verwerf het, moet beskikbaar wees vir verkoop aan die handel/publiek ná die bekendstellingsfunksie. (Die minimum hoeveelheid wyn soos benodig vir die inskrywing moet beskikbaar wees.)

3.2 Deelnemers wat dubbelgoud of goue toekennings ontvang, moet die volgende hoeveelheid van die wenwyne gratis aan Veritas voorsien vir die verskillende wynproeë en bemarkingsgeleenthede deur die loop van die jaar, nl.

- 36 x 750ml bottels (óf 27 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)
- Port en muskadel – 18 x 750 ml bottels (óf 13.5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)
- Museumklasse – 6 x 750ml bottel (óf 4,5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)

NB: Hierdie wyn moet op 13 en 14 Oktober 2009 by die Veritas kantoor afgelewer word. Veritas sal die wyne by die verskillende proelokale besorg.

C REëLS EN REGULASIES

1 Dieselfde wyn (versnit) mag net onder een etiket ingeskryf word. Waar verskillende versnitte van ’n wyn wat onder ’n etiket met dieselfde visuele voorkoms en detail verkoop word, mag ook slegs een inskrywing onder sodanige etiket gedoen word.

2 Wyn met waarneembare houtkarakter mag in enige rooiwyn-, port- of sjerrieklas ingeskryf word, behalwe in klas 72 vir ongehoute rooiwyn.

By alle ander klasse (witwyne) mag wyn met waarneembare houtkarakter slegs in die klasse waar voorsiening daarvoor gemaak is, ingeskryf word. Wyne in klasse waar waarneembare houtkarakter nie toegelaat word nie, sal gediskwalifiseer word indien dit volgens die meerderheid van die beoordelaarspaneel waarneembare houtkarakter openbaar (ongeag op watter manier die karakter verkry is, hetsy deur bereiding in houtvate of deur die gebruik van alternatiewe houtprodukte soos houtpoeier, houtsaagsels, houtskaafsels, houtstawe of houtekstrak ens.).

Dit staan die deelnemer vry om ’n vertoë aan die Tegniese Komitee te rig vir ondersoek indien dispuut ontstaan, maar sodanige ondersoek sal nie noodwendig die besluit van die paneel kan verander nie.

3 Geen kruisinskrywings sal toegelaat word nie – met ander woorde, wyn wat in een klas ingeskryf is, mag nie ook onder dieselfde etiket in ’n ander klas ingeskryf word nie.

4 In die geval van wit kultivarversnit klasse (klas 1, 2, 10, 11, 19, 20, 27, 28, 34 en 35) hoef die versnit nie noodwendig uit verskillende kultivars te bestaan nie, met die voorbehoud dat indien die versnit uit 'n enkel kultivar bestaan, dit nie as sodanige kultivar gesertifiseer mag wees nie.

5 Indien daar volgens die oordeel van die beoordelaarspaneel by meer as 2 bottels per inskrywing kurk-/muf-foute voorkom, sal sodanige inskrywing gediskwalifiseer word.

6 Indien die afwyking van enige van die bogenoemde reëls addisionele besoeke deur die SAWIS-inspektoraat tot gevolg het, sal dié besoeke vir die rekening van die deelnemer wees en bedra tans R2.87/km vir reiskoste en R153.00/uur vir die betrokke personeel. Beide bedrae is BTW inklusief en is aan jaarlikse aanpassings onderhewig.

7 Die volgende kultivars word as muskaatkultivars beskou: Hanepoot, Muskadel, Muscat Ottonel, Gewürtztraminer, Weisser Riesling, Fernão Pires, Bukettraube, Morio Muscat.

8 Die Raad sal, in sy diskresie, die panele van beoordelaars aanstel om die toekennings aan te wys. Die beoordelaars se beslissing is finaal en bindend op die deelnemers en geen korrespondensie sal gevoer word nie.

D VERITAS SEëLS

1 VERITAS seëls (1 200 Dubbelgoud/goud) sal gratis aan deelnemers wat medaljes verower het, uitgereik word. Gratis seëls sal volgens die totale minimum volume (bottelgrootte in ag geneem), toegeken word. Hierdie seëls mag slegs met goedkeuring van die SANW, op 'n wyse deur die Wyn & Spiritusraad goedgekeur, op etikette gebruik word.

2 Indien 'n deelnemer nie gebruik maak van 'n goedgekeurde etiket nie en op 'n ander wyse die toekenning wil gebruik, moet sodanige etiket weer deur die Raad en Wyn & Spiritusraad goedgekeur word alvorens dit verkoop mag word.

3 Addisionele dubbelgoud, goud, silwer en brons VERITAS seëls sal vir die rekening van deelnemer beskikbaar gestel word voor einde Oktober 2009.

Koste van seëls:

Dubbelgoud:	R380/1000 (BTW uitgesluit)
Goud:	R250/1000 (BTW uitgesluit)
Silwer:	R150/1000 (BTW uitgesluit)
Brons:	R110/1000 (BTW uitgesluit)

4 Vergelykende Proe

Indien deelnemers op die sluitingsdatum waarna in die prosedures verwys word, beskik oor ongeëtiketteerde gebottelde voorraad van dieselfde wynversnit van 'n ander botteleringslot(te) as die gebottelde voorraad van 'n spesifieke botteleringslot wat ingeskryf was en waarvoor Veritas medaljes verower is, kan om 'n vergelykende proe aansoek gedoen word om sodoende addisionele seëls van die uitstaande ongeëtiketeerde bottelvoorraad vir die ander botteleringslot(te) te verkry vir gebruik onder dieselfde etiket as waarvoor die oorspronklike Veritas toekenning verwerf is. Bogenoemde sal toegestaan word indien aan die volgende prosedures voldoen word:

4.1 Slegs wyn wat voor die bogenoemde Veritas sluitingsdatum gebotteleer is, kwalifiseer.

4.2 'n Aansoek om 'n vergelykende proe van die gebottelde voorraad van die oorspronklike medaljewenner met die voorraad waarvoor aansoek gedoen word, moet op die voorgeskrewe vorm by die SANW kantoor ingehandig word, waarna dit bevestig sal word of die aansoek suksesvol was. Aansoeke vir 'n vergelykende proe kan tot einde Augustus van die volgende jaar (voor die aanvang van die volgende Veritas beoordeling) ingedien word.

4.3 Dit sal die aansoeker se verantwoordelikheid wees om te reël dat SAWIS inspekteurs die betrokke voorraad waarvoor aansoek gedoen word kontroleer, asook om 3 bottels van onderskeidelik die wyn wat reeds 'n Veritas toekenning verower het en die voorraad waarvoor om addisionele seëls aansoek gedoen word, te voorsien.

4.4 Die vergelykende proe sal onder die toesig van die Voorsitter van die SANW Tegniese Komitee geskied.

4.5 Die vergelykende proe sal uitgevoer word deur die betrokke Veritas paneel wat vir die oorspronklike toekenning verantwoordelik was, of 'n alternatiewe geskikte paneel, op 'n geskikte wyse wat gebruik word om ooreenkomste of verskille tussen wyne te bepaal. Die meerderheidsbesluit van die paneel sal as die paneelbeslissing aanvaar word.

('n Botteleringslot van 'n spesifieke wynversnit word gedefinieer as die wyn wat gebotteleer is tydens 'n aaneenlopende botteleringskof wat met normale nag-onderbrekings aaneenlopend oor opeenvolgende dae kan geskied)

E GEBRUIK VAN VERITAS LOGO

Die SANW Raad behou homself die reg voor om deelname aan die skou te verbied indien onderstaande reëls en regulasies oortree word en wanvoorstelling oor toekennings wat nie verwerf is nie of misbruik van toekennings wat wel verwerf is, plaasvind word.

Persone wat wil verwys na of gebruik maak van Veritas toekennings moet die toestemming van die Raad hê.

Riglyne vir die gebruik van die Veritas toekenning:

- Slegs 'n bottel wyn waarop die toepaslike Veritas toekenningseël op aangebring is, mag gefotografeer word vir advertensie doeleindes. Geen logo of gedeelte daarvan mag op 'n bottel wyn geskandeer word nie.

- Die Veritas logo kan apart verskyn in advertensiemateriaal, met die name van wyne wat Veritas toekennings verkry het, bo of onder die logo. In hierdie geval moet die logo sowel as die woorde "Veritas, experience excellence" saam gebruik word.

F BEMARKINGSGELEENTHEDE

1 Wynproeë

- *Kpst – From the Earth*	*16 – 18 Okt 2009*
- *Kpst – Publiek/handel/media*	*21 Okt 2009*
- *Kpst – Deloitte proe:*	*22 Okt 2009*
- *JHB – Deloitte proe:*	*26 Okt 2009*
- *JHB – Publiek/handel/media*	*27 Okt 2009*
- *Durban – Deloitte proe:*	*4 Nov 2009*
- *Durban – Publiek/handel/media*	*5 Nov 2009*
- *Knysna:*	*17 en 18 Nov 2009*
- *PE:*	*19 Nov 2009*

Dit word van deelnemers vereis om hul goud en dubbelgoudwyne by die onderskeie wynproeë aan te bied (PE en Knysna uitgesluit). Veritas sal reël om bekwame personeel beskikbaar te hê (teen 'n fooi) indien 'n deelnemer nie self teenwoordig kan wees nie.

2 Samewerking met die Handel

Veritas beplan weer bemarkingsgeleenthede vir alle dubbelgoud en goue wyne onmiddellik na afloop van die bekendmaking van die uitslae. Deelnemers word versoek om 'n minimum van 20 kiste (12 x 750ml) teen markverwante pryse aan die handel hiervoor te verskaf. Die handel onderneem om al die aankoopreëlings direk met deelnemers te tref.

Hiermee word deelnemers 'n gulde geleentheid gebied om wyn te verkoop terwyl verbruikers landwyd kans kry om die wenwyne aan te koop.

KLASSE

A DROë WITWYN (geen waarneembare houtkarakter) *(maks suiker 5g/l)*
1 Kultivarversnit – Nie-muskaat
2 Kultivarversnit – Muskaat
3 Chardonnay
4 Chenin blanc
5 Sauvignon blanc
6 Semillon
7 Viognier
8 Enige ander enkel kultivar – Nie-muskaat (meld kultivar)
9 Enige ander enkel kultivar – Muskaat (meld kultivar)

B DROë WITWYN (met waarneembare houtkarakter) *(maks suiker 5g/l)*
10 Kultivarversnit – Nie-muskaat
11 Kultivarversnit – Muskaat
12 Chardonnay
13 Chenin blanc
14 Sauvignon blanc
15 Semillon
16 Viognier
17 Enige ander enkel kultivar – Nie-muskaat (meld kultivar)
18 Enige ander enkel kultivar – Muskaat (meld kultivar)

C HALF-DROë WITWYN (geen waarneembare houtkarakter)*(suiker 5,1-12g/l)*
19 Kultivarversnit – Nie-muskaat
20 Kultivarversnit – Muskaat
21 Chenin blanc
22 Gewürztraminer
23 Sauvignon blanc
24 Weisser Riesling
25 Enige ander enkel kultivar – Nie-muskaat (meld kultivar)
26 Enige ander enkel kultivar – Muskaat (meld kultivar)

D HALF-DROë WITWYN (met waarneembare houtkarakter) *(suiker 5,1-12g/l)*
27 Kultivarversnit – Nie-muskaat
28 Kultivarversnit – Muskaat
29 Chardonnay
30 Chenin Blanc
31 Viognier
32 Enige enkel kultivar – Nie-muskaat
33 Enige enkel kultivar – Muskaat

E SEMI-SOET WITWYN *(suiker 12,1 - 30g/l)*
34 Kultivarversnit – Nie-muskaat
35 Kultivarversnit – Muskaat
36 Colombar
37 Enige ander enkel kultivar - Nie-muskaat (meld kultivar)
38 Enige ander enkel kultivar - Muskaat (meld kultivar)

F NATUURLIKE SOET WYN *(minimum suiker 20 g/l)*
39 Wit, Blanc de Noir of Rosé wyn

G LAE ALKOHOL WYNE (alkoholgehalte laer as 10% A/V) *(meld suiker)*
40 Wit, Blanc de Noir, Rosé- of Rooiwyn

H ROSé/BLANC DE NOIR *(maksimum suikergehalte 30 g/l)*
41 Rosé Nie-muskaat
42 Rosé Muskaat
43 Blanc de Noir – Nie-muskaat
44 Blanc de Noir – Muskaat

I PERLé
45 Wit, Blanc de Noir of Rosé wyn

J **VONKELWYN**

Vonkelwyn – uitgesluit bottel/transvers/tenk-gegiste wyn *(meld suikergehalte)*

46 Brut (suikergehalte minder as 15 g/l)
47 Sec (suikergehalte 15 - 35 g/l)
48 Demi-sec (suikergehalte 35-50g/l)
49 Doux (suikergehalte hoër as 50g/l)

Tenk-gegiste vonkelwyn *(meld suikergehalte)*

50 Brut (suikergehalte minder as 15 g/l)
51 Sec (suikergehalte 15 - 35 g/l)

Bottel-gegiste transvers vonkelwyn *(meld suikergehalte)*

52 Brut (suikergehalte minder as 15 g/l)
53 Sec (suikergehalte 15 - 35 g/l)

Cap Classique vonkelwyn *(meld suikergehalte)*

54 Brut (suikergehalte minder as 15g/l)
55 Sec (suikergehalte 15 - 35 g/l)

K **SPESIALE LAATOESWYNE**

56 Sonder waarneembare houtkarakter
57 Met waarneembare houtkarakter

L **EDELLAATOESWYNE *(minimum suikergehalte 50 g/l)***

58 Sonder waarneembare houtkarakter
59 Met waarneembare houtkarakter

M **DROë ROOI *(Enige of geen oesjaar)* *(maks suikergehalte 5g/l)***

60 Rooi versnit – Bordeaux versnit
61 Rooi versnit – Pinotage gebaseerde versnit

- moet minstens 30% en op die meeste 70% Pinotage bevat. Die restant kan enige ander kultivar wees
- slegs ***2008*** en ouer oesjaargesertifiseerde wyne mag ingeskryf word

62 Rooi versnit – Enige ander versnit
63 Cabernet Franc
64 Cabernet Sauvignon
65 Malbec
66 Merlot
67 Pinot Noir
68 Pinotage
69 Ruby Cabernet
70 Shiraz
71 Enige ander enkel rooi kultivar

O ***DROë ROOI (Enige of geen oesjaar) (geen waarneembare houtkarakter) (maks suikergehalte 5g/l)***

72 Enige enkel rooi kultivar of versnit

P ***ROOI (Enige of geen oesjaar) (suiker hoër as 5g/l)***

73 Enige enkel rooi kultivar of versnit

Q **DESSERTWYNE**

74 Wit nie-muskaat
75 Rooi nie-muskaat
76 Hanepoot
77 Wit Muskadel Jerepiko: < 16% A/V
78 Wit Muskadel Jerepiko: > 16% A/V
79 Wit muskaat met hout
80 Rooi Muskadel Jerepiko: < 16% A/V
81 Rooi Muskadel Jerepiko: > 16% A/V
82 Rooi muskaat met hout
83 Enige ander Wit/Rooi Muskaat (kan ook versnit insluit) sonder waarneembare hout

84 Enige ander Wit/Rooi Muskaat (kan ook versnit insluit) met waarneembare hout

R PORT

85 Kaapse Robyn Port
'n Versnit van jong, vol vrugtige wyne waarvan die boustene vir 6 maande tot 3 jaar in hout verouder is.

86 Kaapse Tanige Port
'n Versnit van houtverouderde wyn, met 'n amber kleur, sag en delikate neutagtigheid.

87 Kaapse Oesjaarport (oesjaarsertifisering verpligtend)
Port van 'n enkele oesjaar wat in enige grootte hout verouder is.

88 Kaapse Laat Gebotteleerde Oesjaar Port (oesjaarsertifisering verpligtend – 3 tot 6 jaar)
Enkel oesjaarproduk wat vir 3 tot 6 jaar verouder is waarvan minstens 2 jaar houtveroudering moet wees.

S SJERRIE

89 Fino: <16% A/V
90 Fino: >16% A/V
91 Oloroso
92 Room

T MUSEUMKLAS – WIT *(wyn 5 jaar en ouer)*
Minimum hoeveelheid wyn vir inskrywing van 45 liter en moet beskikbaar wees vir verkope

93 Enige enkel wit kultivar of versnit
94 Edellaatoeswyn
95 Dessertwyn
96 Port

U MUSEUMKLAS – ROOI *(wyn 10 jaar en ouer)*
Minimum hoeveelheid wyn vir inskrywing van 45 liter en moet beskikbaar wees vir verkope

97 Enige enkel rooi kultivar of versnit
98 Dessertwyn
99 Port